| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | DRAMATIESE KUNSTE |
| **VRAESTEL** | 1 (TEORIE) |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 18 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **VIER** afdelings:

   **AFDELING A:** (30 punte)
   **AFDELING B:** (40 punte)
   **AFDELING C:** (40 punte)
   **AFDELING D:** (40 punte)

2. **AFDELING A: 20STE EEU TEATERBEWEGINGS**

   Hierdie afdeling bestaan uit **EEN** vraag wat op KABV Onderwerp 3 en 4 fokus.

   **VRAAG 1:** Teater van die Absurde ÓF Epiese Teater ÓF Post -moderne Teater
   Hierdie vraag moet beantwoord word deur na **EEN** van die volgende *tekste* te verwys:

   *Waiting for Godot* (Samuel Beckett)
   *The Chairs* (Eugene Ionesco)
   *The Lesson* (Eugene Ionesco)
   *The Caucasian Chalk Circle* (Bertolt Brecht)
   *Popcorn* (Ben Elton)

3. **AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER 1960–1994**

   Hierdie afdeling bestaan uit **TWEE** vrae wat op KABV Onderwerp 5 en 6 fokus.

   Beantwoord **ÓF** vraag 2 **ÓF** vraag 3.
   **VRAAG 2:** *My Children! My Africa!* (Athol Fugard)
   **VRAAG 3:** *Sophiatown* (Junction Avenue Theatre Company)

4. **AFDELING C: KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE TEATER: POST-1994:**

   Hierdie afdeling bestaan uit **TWEE** vrae wat fokus op KABV Onderwerp 6 en 7.

   Beantwoord **ÓF** vraag 4 **ÓF** vraag 5.
   **VRAAG 4:** *Green Man Flashing* (Mike van Graan)
   **VRAAG 5:** *Little Red Riding Hood and the Big Bad Metaphors* (Mike van Graan)

5. **AFDELING D: DIE GESKIEDENIS VAN TEATER, PRAKTIESE KONSEPTE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**

   Hierdie afdeling bestaan uit **EEN** vraag wat op KABV Onderwerp 1, 2, 5, 6, 7 en 8 fokus.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
7. Let op aan die aantal punte wat aan elke vraag toegeken word.
8. Let op die opdragwerkwoord van elke vraag om beter te verstaan hoe om op die vraag te reageer.
9. Begin elke **VRAAG** op ’n nuwe bladsy.
10. Gebruik jou klaskamerkennis, sowel as onafhanklike en kreatiewe denke, om die vrae te beantwoord.
11. Skryf netjies en leesbaar – **SLEGS** in **BLOU** ink.

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING A: 20STE EEUSE EUROPESE TEATERBEWEGINGS

Hierdie afdeling bestaan uit **EEN** vraag. Hierdie vraag is verpligtend.

**BEANTWOORD HIERDIE VRAAG MET VERWYSING NA EEN VAN DIE VOLGENDE TONEELSTUKKE:**

***Waiting for Godot*** OF ***The Chairs*** OF ***The Lesson*** OF ***The Caucasian Chalk Circle*** OF ***Popcorn.***

## VRAAG 1: TEATER VAN DIE ABSURDE ÓF EPIESE TEATER ÓF POST-MODERNE TEATER

Bestudeer die aanhaling in **BRON A** en beantwoord die vraag wat volg.

**BRON A**

> **"The theatre was created to tell people the truth about life and the social situation."**
>
> – *Stella Adler*

*[Bron: https://tinyurl.com/3zcuevsz]*

Gebruik bogenoemde aanhaling in 'n goed gestruktureerde opstel as motivering om te bespreek hoe die 20ste eeuse Europese toneelteks wat jy bestudeer het, dien as 'n voertuig vir die dramaturg om "die deksel op te lig" oor die menslike toestand. Oorweeg die volgende in jou opstel:

- Temas
- Die dramaturg se bedoeling

**SKRYF DIE TITEL VAN DIE TONEELSTUK WAT JY GAAN BESPREEK BO-AAN JOU OPSTEL.**

**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER 1960–1994

Hierdie afdeling bestaan uit **TWEE** vrae wat fokus op toneeltekste uit Suid-Afrikaanse Teater pre-1994.

# MOENIE BEIDE VRAE IN HIERDIE AFDELING BEANTWOORD NIE.

Kies **ÓF** Vraag 2 **ÓF** Vraag 3.

### VRAAG 2: *MY CHILDREN! MY AFRICA!* (ATHOL FUGARD)

Bestudeer die bronne oor die toneelstuk ***My Children! My Africa!*** en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON B** is ’n uittreksel uit die toneelstuk *My Children! My Africa!* Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON B**

| | |
|---|---|
| ISABEL | The debates at my school are such stuffy affairs. And so boring most of the time. Everything is done according to the rules with everybody being polite and nobody getting excited… lots of discipline but very little enthusiasm. This one was a riot! |
| THAMI | [*Fingers to his lips*] Be careful. |
| ISABEL | Of what? |
| THAMI | That word. |
| ISABEL | Which one? |
| THAMI | Riot! Don’t say it in a black township. Police start shooting as soon as they hear it. |
| ISABEL | Oh… |
| THAMI | [*Having a good laugh*] I’m sorry. It’s a joke, Isabel. |
| ISABEL | Oh… you caught me off guard. I didn’t think you would joke about those things. |
| THAMI | Riots and police? Oh yes, we joke about them. We joke about everything. Try that one on your folks when you get home tonight. Say the newspapers have got it all wrong. You had a wonderful time taking part in a little township riot. [*This time Isabel gets the joke. A good laugh.*] |
| ISABEL | Oh, ya, I can just see my mom cracking up at that one. |

2.1 Identifiseer die gebeurtenis wat Isabel en Thami bymekaar gebring het in die uittreksel hierbo. (1)

2.2 Verduidelik die verandering in die toon in reël 5. (2)

2.3 Mnr. M is nie in bogenoemde uittreksel nie.

2.3.1 Voorspel wat sy reaksie op Thami se reëls kon gewees het as hy hul gesprek in reëls 15–18 gehoor het. (1)

2.3.2 Gee redes vir jou antwoord in VRAAG 2.3.1. (4)

2.4

2.4.1 Oorweeg die akteur wat Thami in die uittreksel hierbo speel.

Gee hom instruksies om twee fisiese tegnieke te gebruik om sy emosies in hierdie toneel oor te dra. Gee 'n aanhaling uit die uittreksel om jou antwoord te staaf. (2x2) (4)

2.4.2 Oorweeg die akteur wat Isabel in die uittreksel hierbo speel.

Gee haar instruksies om twee stemtegnieke te gebruik om haar emosies in hierdie toneel oor te dra. Gee 'n aanhaling uit die uittreksel om jou antwoord te staaf. (2x2) (4)

2.5 Op die oppervlak is die uittreksel lig, maar dit is eintlik gelaai met ironie en donker humor*.

*Donker humor is 'n komediestyl wat pret maak van onderwerpe wat algemeen beskou word as buite perke, ernstig of pynlik om te bespreek.

Bespreek die ironie en donker humor in die uittreksel met betrekking tot die toneelstuk as geheel. (4)

2.6

> **Art is not a mirror held up to reality, but a hammer with which to shape it.**
>
> *– Bertolt Brecht*

*[Bron: https://elevatesociety.com/art-is-not-a-mirror/]*

Athol Fugard is sterk beïnvloed deur Bertolt Brecht se filosofieë. Bespreek hoe dit sy skryfwerk van *My Children! My Africa!* beïnvloed het. (8)

2.7 **BRON C** en **BRON D** is foto's van twee verskillende produksies van *My Children! My Africa!* waarvoor die stelontwerpers 'n simboliese benadering gevolg het. Bestudeer die foto's en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON C**



*[Bron: https://tinyurl.com/4ha9j8kz]*

**BRON D**



*[Bron: https://tinyurl.com/3jrcfz37]*

2.7.1 Identifiseer die simboliese gebruik van die stel in **BRON C**. (1)

2.7.2 Identifiseer die simboliese gebruik van die stel in **BRON D**. (1)

2.7.3 Bespreek die onderskeie temas wat uitgelig word deur die simboliese gebruik van die stelle wat jy in **BRON C** en **BRON D** geïdentifiseer het. (2x3) (6)

2.7.4 Lewer kommentaar oor die doeltreffendheid van die stelontwerp in **BRON D.** (4)

**[40]**

## VRAAG 3: *SOPHIATOWN* (JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY)

Bestudeer die bronne van die toneelstuk ***Sophiatown*** en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON E** is ’n uittreksel uit die toneelstuk *Sophiatown*. Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON E**

| | |
|---|---|
| MINGUS | I did not steal them. |
| RUTH | Of course you did. |
| MINGUS | Nonsense. Somebody gave them to me. |
| RUTH | Ah… come on! |
| MINGUS | I’m telling you. I walk into the Ritz – me and my boys. We open the doors – the swing doors. Wam! Wam! And everybody’s dancing. I stand for a moment. Very quiet. Just like Styles. I survey the scene from under my hat. And then – Ladies and Gentlemen, Mataras and Majietas, Dames and Here – the music’s still playing – ‘Blue Moon’- but nobody’s dancing. They’re all looking at me. I say ‘Ladies this side, Gents that side.’ They’re all up against the walls. And I walk to the gents, ‘Ouens, steek julle hande uit.’ And all the left hands shoot out, zip! Al die rappe. And as I walk I thank each one of them as I go by. |
| | (*He saunters, hat in. Reliving the collection of the watches.*) |
| | And I walk up to the ladies. ‘Yes, ladies, let’s see what you got. Show me your necks.’ And they showed! There were the pearls, big ones and little ones. And I say, ‘Make your gifts,’ and they make their gifts. And I walk, just like church collections. |
| RUTH | I can’t take them Mingus, they’re stolen goods. |
| | (*Lulu languidly falls off her chair.*) |
| LULU | This red wine is making me sad. I want to be Jewish. I want to be a princess. I want to be the centre of attractions. I want to be like Dolly Rathebe and sing in all the movies. |
| | (*Lulu launches into a maudlin and drunken version of ‘Stormy Weather’. Suddenly there is a violent knocking on the door.*) |
| FAHFEE | Oh my God! Dis die G-men! Vice en liquor squad! |
| JAKES | Ruth you must hide! |

© SACAI KOPIEREG

3.1 Identifiseer die gebeurtenis in bogenoemde uittreksel wat almal bymekaar gebring het om fees te vier. (1)

3.2 Oorweeg die akteur wat Mingus in die uittreksel speel.

3.2.1 Gee vir hom instruksies om twee fisiese tegnieke te gebruik om sy emosies in reëls 5–17 oor te dra. Gee 'n aanhaling uit die uittreksel om jou antwoord te staaf. (2x2) (4)

3.2.2 Gee vir hom instruksies om twee stemtegnieke te gebruik om sy emosies in reëls 5–17 oor te dra. Gee 'n aanhaling uit die uittreksel om jou antwoord te staaf. (2x2) (4)

3.3 Verduidelik die verandering in toon aan die einde van die uittreksel. (2)

3.4 Op die oppervlak is die uittreksel lig, maar dit is eintlik gelaai met donker humor.

*Donker humor is 'n komediestyl wat pret maak van onderwerpe wat algemeen beskou word as buite perke, ernstig of pynlik om te bespreek.

Bespreek die donker humor in die uittreksel met betrekking tot die toneelstuk as geheel. (4)

3.5 **BRON F** sluit foto's in wat die lewe in Chicago ('n bekende stad in Amerika, bekend vir sy unieke kultuur, straatverkoperkos, jazzmusiek en rampokkers soos Al Capone) in die 1950's en 1960's uitbeeld. Bestudeer die foto's en assesseer waarom die "township" Sophiatown as die "Chicago van Suid-Afrika" bekend gestaan het. Verwys na die foto's in **BRON F** om jou verduideliking te ondersteun. (5)

**BRON F**




*[Bron: https://tinyurl.com/yzxf55ku; https://tinyurl.com/4ckh5wkp]*

3.6

> **Art is not a mirror held up to reality, but a hammer with which to shape it.**
> *– Bertolt Brecht*

*[Bron: https://elevatesociety.com/art-is-not-a-mirror/]*

Bespreek Bertolt Brecht se filosofieë van teater, en hoe The Junction Avenue Theatre Company hierdie filosofieë aangeneem het toe hulle *Sophiatown geskep het.* (8)

3.7 **BRON G** is ’n foto uit ’n produksie van *Sophiatown,* waarvoor die stelontwerper ’n simboliese benadering gevolg het. Bestudeer die foto en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON G**




*[Bron: https://tinyurl.com/yyjca4yn]*

3.7.1 Identifiseer die simboliese gebruik van die stel in die foto in **BRON G**. (2)

3.7.2 Verduidelik die simboliek wat in **BRON G** sigbaar is, met betrekking tot beide die intrige en temas in *Sophiatown.* (6)

3.7.3 Lewer kommentaar oor die doeltreffendheid van die stelontwerp in **BRON G.** (4)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: [40]**

## AFDELING C: KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE TEATER: POST-1994

Hierdie afdeling bestaan uit **TWEE** vrae wat fokus op toneeltekste uit Suid-Afrikaanse Teater post-94.

# MOENIE BEIDE VRAE IN HIERDIE AFDELING BEANTWOORD NIE.

Kies **ÓF** Vraag 4 **ÓF** Vraag 5.

### VRAAG 4: *GREEN MAN FLASHING* (MIKE VAN GRAAN)

Bestudeer die bronne oor die toneelstuk ***Green Man Flashing*** en beantwoord die vrae wat volg:

4.1 **BRON H** is ’n uittreksel uit ’n nuusartikel/kritiek oor *Green Man Flashing* wat gaan oor die relevansie van die toneelstuk. Gebruik die uittreksel in **BRON H** as vertrekpunt en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON H**

> “The terrible thing about *Green Man Flashing* isn’t that this political power-play thriller is still relevant several years after it was written. It’s that it always will be. Worse, you could give the characters American, Russian or any other accent, and transplant them to 16th century England or a future colony on Mars, and I bet it would still resonate”.
>
> – Lesley Stones

*[Bron: https://tinyurl.com/2wuxfwhz]*

4.1.1 Identifiseer die ligging/omgewing van *Green Man Flashing.* (2)

4.1.2 Noem een kwessie in *Green Man Flashing* en verduidelik hoe dit vandag in Suid Afrika relevant is. (3)

4.1.3 Kies een politieke kwessie (anders as die een wat in VRAAG 4.1.2 genoem is) in *Green Man Flashing* en verduidelik hoe dit relevant is in enige ander deel van die wêreld vandag. (3)

4.2 Wie is die skurk van *Green Man Flashing?* (1)

4.3 Verduidelik waarom hierdie karakter (in VRAAG 4.2) die skurk van die toneelstuk is. (3)

4.4 Beskryf ’n kostuum vir die skurkkarakter (in VRAAG 4.2). (2)

4.5 Gee ’n motivering om jou antwoord (in VRAAG 4.2) te ondersteun. (4)

4.6 Lewer kommentaar oor die betekenis van die titel *Green Man Flashing*. (3)

4.7 Identifiseer die sentrale konflik wat in die toneelstuk gesien word en motiveer jou antwoord met twee (2) ondersteunende voorbeelde uit die toneelstuk. (4)

4.8 Skryf 'n paragraaf waarin jy breedvoerig bespreek waarom *Green Man Flashing* as post-moderne teater gekategoriseer word. Gebruik voorbeelde uit die toneelstuk om jou antwoord te staaf. (12)

4.9 Verduidelik kortliks hoe *Green Man Flashing* tradisionele idees van identiteit uitdaag en in post-apartheid Suid-Afrika tuis hoort. (3)

**[40]**

## VRAAG 5: *LITTLE RED RIDING HOOD AND THE BIG BAD METAPHORS* (MIKE VAN GRAAN)

Bestudeer die bron oor die toneelstuk ***Little Red Riding Hood and the Big Bad Metaphors*** en beantwoord die vrae wat volg.

### VRAAG 5

Verwys na **BRON I** en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON I**




*[Bron: https://tinyurl.com/3j7hbyrd]*

5.1 Beskryf kortliks die relevansie van die beeld gesien in **BRON I** met betrekking tot *Little Red Riding Hood and the Big Bad Metaphors*. (2)

5.2 Verduidelik die doeltreffendheid van die gebruik van wolwe in die beeld in **BRON I**. (2)

5.3

5.3.1 Beskryf die post-moderne konsep van "dood van die skrywer". (2)

5.3.2 Verduidelik hoe "dood van die skrywer" in *Little Red Riding Hood and the Big Bad Metaphors* gebruik is. (3)

5.4 Bespreek hoe *Little Red Riding Hood and the Big Bad Metaphors* van die Griekse teaterstyl gebruik maak. Verwys na voorbeelde uit die toneelstuk. (3)

5.5

5.5.1 Identifiseer die styl van kinderteater wat *Little Red Riding Hood and the Big Bad Metaphors* verken. (2)

5.5.2 Verduidelik die voordeel van die styl wat in VRAAG 5.5.1 beklemtoon is met betrekking tot *Little Red Riding Hood and the Big Bad Metaphors.* Verwys in detail na die teks. (4)

5.6

5.6.1 Identifiseer drie metafore wat in *Little Red Riding Hood and the Big Bad Metaphors* gebruik word. (3)

5.6.2 Verduidelik in detail die toepaslikheid van die metafore wat jy in VRAAG 5.6.1 geïdentifiseer het om hulle boodskap oor te dra. (3x3) (9)

5.7 Skryf 'n paragraaf waarin jy breedvoerig bespreek waarom *Little Red Riding Hood and the Big Bad Metaphors* as post-moderne teater gekategoriseer word. Gebruik voorbeelde uit die toneelstuk om jou antwoord te staaf. (10)

**[40]**

## TOTAAL AFDELING C: [40]

# AFDELING D: DIE GESKIEDENIS VAN TEATER, PRAKTIESE KONSEPTE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

## VRAAG 6

Hierdie vraag is verpligtend.

**BRON J** hieronder is 'n uittreksel uit die gedig *Wake Up!* deur Jesse Oliver. Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON J**

***Wake Up!*** - Jesse Oliver

My friends wake up.
I know that in your dreams you see the way the world should be,
but we breathe in reality.
Your sleep won't stay peaceful even through a whisper of evil, and there is evil in the minds of sleeping people.
Wake up!
The ability for civility is slipping through our fingers because clenched fists don't know what they're fighting for.
It's not love.
Wake up!
There you go now. Rub that sleep from your eyes.
Arise and reply to those cries.
Tell them why we despise the lies of a hateful enterprise.
Tell them that dream where nobody dies and no one gets hurt and no one feels the emotional pain of being told that they are not the same.
Tell them we share 99.9% of our DNA so we don't know them by difference, we know them by name.

*[Bron: https://tinyurl.com/4vnwthea]*

Stel jou voor dat jy aanbeveel is om die gedig in **BRON J** voor te dra.

6.1 Verduidelik kortliks die boodskap van die gedig. (2)

6.2 Verduidelik een stemopwarmingsoefening wat jy ter voorbereiding hiervoor sal doen. (4)

6.3 Beskryf hoe jy tempo en pouses kreatief sal gebruik wanneer jy die gedig voordra. Gee 'n aanhaling uit die uittreksel om jou antwoord te staaf. (4)

6.4 Die gedig het verskeie beelde. Bespreek hoe jy die toon sal gebruik om die beelde lewendig op die verhoog te maak. Gee 'n aanhaling uit die uittreksel om jou antwoord te staaf. (3)

6.5 Verduidelik hoekom dit belangrik is vir enige kunstenaar om hul liggaam vir verhoogoptrede voor te berei. (3)

6.6 Ontwerp 'n minimalistiese agtergrond wat gebruik kan word vir die opvoering van die gedig. Doen dit deur jou ontwerp te skets of jou ontwerpkeuses te beskryf. (3)

© SACAI KOPIEREG

**BRON K** is ’n plakkaat vir die produksie *Mama I Want the Black that You Are;* ’n toneelstuk wat as Teater vir Sosiale Verandering gekategoriseer word.

**BRON K**




*[Bron: https://tinyurl.com/59c7ab4u]*

6.7 Definieer die term *Teater vir Sosiale Verandering.* (2)

6.8 Ondersoek die plakkaat noukeurig en bepaal of dit ’n effektiewe manier is om die produksie oor Albinisme* te bevorder.

**Albinisme is ’n oorerflike toestand wat daartoe lei dat iemand baie ligte vel, hare en oë het. Dit gebeur omdat hulle minder melanien as gewoonlik in hul liggaam het.* (4)

**BRON L** toon die werk van 'n fotografiese kunstenaar.

In hierdie foto's is die bekende akteurs Angelina Jolie en Will Smith gebruik om mense te wys wat in omstandighede van uiterste armoede leef.

**BRON L**



*[Bron: https://tinyurl.com/yhatu2nm]*

6.9 Oorweeg **BRON L** en redeneer tot watter mate akteurs en teater in die algemeen verantwoordelik is vir die aanmoediging van sosiale verandering.

In jou antwoord moet jy:

- Verwys na toneelstukke en ander vorme van opvoerings wat jy al gesien of gelees het, of waaraan jy deelgeneem het, om jou antwoord te ondersteun.
- Verwys na **BRON L** en die sosiale kwessies wat in die bron ondersoek is.
- Verwys na enige relevante teaterpraktisyns wie se teaterfilosofieë sosiale verandering aanmoedig. (15)

**[40]**

## TOTAAL AFDELING D: [40]

## GROOTTOTAAL: [150]